

UIT DIE PEN VAN DIE CEO (10/16)

Justin Chadwick 18 Maart 2016

"It is very easy to defeat someone, but it is very hard to win someone" Dr Abdul Kaleem

CGA STRATEGIESE BEPLANNINGSSIE: REGERING

In Februarie het die CGA Raad 'n strategiese beplanningssie gehou. Die hoofdoel was om die groot kwessies wat die sitrusbedryf in die volgende vyf jaar moet oorbrug te identifiseer om soedoende die CGA te lei in sy volgende hernuwingaansoek van die heffing (die huidige siklus eindig op 31 Desember 2016). 'n Aantal kwessies wat met die regering te doen het, is uitgelig. Veral **regeringskapasiteit** was 'n bekommernis – beide op leierskap en operasionele vlak. Soos met ander vars produkte bedrywe – is die sitrusbedryf afhanklik van die regering met betrekking tot onderhandelinge oor toegangstoestande – of dit 'n tarief, fitosanitêr of sanitêr van aard is. Waar Suid-Afrika nog altyd met die voorbeeld van tegniese regverdiging gelei het wanneer nuwe fitosanitêre en sanitêre marktoegangskondisies ingestel is, is party invoerlande minder geneig om die tegniese aspekte van plantgesondheid te oorweeg en meer op die beskerming van nie-mededingende plaaslike vars produkte sektore gefokus. Dit is dan wanneer **leierskapkapasiteit** na vore moet kom. Alhoewel die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf van die wêreld se bekendste sitrusnavorsers in diens het, is baie van hul pogings tevergeefs sonder die politieke wil. Om die politieke leierskap te ondersteun het die CGA Raad besluit om die bedryf se vermoë om 'n positiewe skakeling met die regering te versterk om hierdie politieke uitdagings aan te spreek. Daar word voorsien dat dit op 'n Fruit South Africa vlak sal geskied omrede die leierskap in die regering met die vrugtebedryf as 'n geheel wil skakel. Ook binne Fruit South Africa word ondersteuning aan die regering gegee in die vorm van die sekondering van spesialiste aan die regering om op die sake van die vrugtebedryf te fokus.

Terwyl Suid-Afrika toekyk, is Suid-Afrika se vrugte produserende kompetisie aktief besig om Vrye- en Voorkeur handelsooreenkomste met almal te teken. Veral lande soos Chile, Peru, Argentinië, Australië en Nieu-Seeland is aktief besig in Asië. Dit verskaf aan hierdie kompeteerdere 'n groot voordeel in hierdie markte. Die wêreld beweeg weg van WHO-tipe reëlings na bilaterale en multi-laterale handelsooreenkomste – die "Trans Pacific Partnership" en die "Transatlantic Trade and Investment Partnership" (TTIP tussen die VSA en die EU) is die jongste voorbeelde. Alhoewel Suid-Afrika besig is met reëlings om handel binne Afrika makliker te maak (die "Continental Free Trade Agreement and Tripartite Agreement") gaan hierdie nie onmiddellik 'n invloed op sitrusuitvoere hê nie, gegewe die lae volumes wat tans in Afrika verhandel word.

Alhoewel konsultasie vir 'n vrye handelsooreenkoms met Indië al vir baie jare aangaan – blyk dit dat dit nog ver van 'n realiteit is, en as dit afgehandel sou word, die inhoud beperk sal wees.

Om **regeringsbeleid** te beïnvloed is ook van belang vir die CGA Raad. Onlangse regeringsbeleide was nie landbou-vriendelik nie, dit het 'n onsekere omgewing geskep met nie veel aptyt vir belegging in die toekoms nie. Die vrugtebedrywe het 'n invloedryke rol te speel as 'n vennoot met die regering in die stabilisering en groei van die ekonomie, werkskepping en die versekering van landelike stabiliteit. Regeringsdoelwitte is soortgelyk as die sitrusprodusente se doelwitte – ons moet net die regte platforme vind om betrokke te raak op maniere wat partye nader aan mekaar sal bring.

Onlangse ontwikkelinge hou goeie moontlikhede in vir 'n nuwe werksverhouding tussen die bedryf en regering op 'n operasionele vlak. Die "Fruit Industry Value Chain Round Table (FIVCRT)" het alle rolspelers bymekaar gebring om oplossings te bespreek vir die sake wat deur regering, arbeid, bedryf en burgerlike samelewing in die gesig gestaar word. Tydens 2012 het die vrugtebedryf 'n "Social Accord" ontwikkel. Hierdie "Accord" is die raamwerk vir die vyf werksgroepe (welsyn van die werker, transformasie, handel, hulpbronne en navorsing en tegnologie) wat gestig is as sub-komitees van die FIVCRT. Hul sluit verteenwoordigers van 'n wye verskeidenheid van regeringsdepartemente en regeringsinstansies in. Die Handelswerksgroep het onlangs 'n werkswinkel gehou wat deur DIRCO, DTI en DAFF bygewoon is. Die hoofdoel was om die prioriteite van regering en bedryf met inagneming van politieke, ontwikkelings- en ekonomiese aspekte van bevordering van handel in lyn te bring. Die vergadering was onder voorsitterskap van Elaine Alexander van DAFF en die doelwit is bereik.

Die CEO Forum is gestig met die doel om leierskap vanaf die bedryf en leierskap van die regering saam te kry om sodoende ondervinding, uitdagings en geleenthede te deel. Alhoewel die Minister sommige van die eerste vergaderings bygewoon het, het gebrek aan bywoning en lang tye tussen vergaderings beteken dat hierdie Forum sy ondersteuning verloor het. Die CEO Forum Bestuurskomitee het egter voortgegaan om op 'n gereelde basis te vergader en aandag is gegee aan sake wat na die Bestuurskomitee verwys is. Die CEO van Fruit South Africa is onlangs genooi om die Bestuurskomitee vergaderings by te woon en ons is hoopvol dat dit meer aandag op vrugte aangeleenthede sal vestig.

DROOGTE SITUASIE

In 2015 het weervoorspellers laat somerreëns in die noorde van die land voorspel. Gelukkig was hul voorspellings korrek en goeie reënval is aangeteken, veral opvallend in die opvangsarea van damme wat belangrik vir die sitrusbedryf is. Damvlakke het effens gestyg vanaf 'n week gelede in die Oos-Kaap, Gauteng, Limpopo, Mpumalanga, Noord-Kaap en Noordwes; maar is nog steeds baie laer as die vorige jare se vlakke. Damvlakke in KZN is onveranderd van verlede week, terwyl damvlakke in die Wes-Kaap en die Vrystaat gedaal het. Ons hoop en bid vir nog reën voor die winter kom.

SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE CGA GROEP (CRI, RIVER

